

Storie Spot gaan winkel toe

Zinzi en Sam woon by hulle mamma en pappa. Hulle het 'n hondjie met die naam van Spot. Almal is lief vir Spot. 'n Entjie in die straat af van waar hulle woon is daar 'n spazawinkel. Dis Mnr Ibrahim se winkel.

Een Saterdag sê Ma Madiswa, "Zinzi en Sam, gaan asseblief vir my winkel toe. Ek het brood, eiers, botter, melk en konfyt nodig." Zinzi en Sam hou daarvan om vir hulle mamma winkel toe te gaan en hulle sê, "Ja Ma". Eers skryf Mamma die goed op 'n inkopielys, toe gee sy vir hulle geld, en daar gaan hulle!

Spot het agter hulle aangehardloop. Hy hou ook daarvan om winkel toe te gaan! Hy hou veral daarvan wanneer Mnr Ibrahim pasteitjies gemaak het.

Mnr Ibrahim die winkelier sê, "Goeiemôre Zinzi en Sam. En hoe gaan dit met jou, Spot?" Die kinders sê, "Goeiedag Mnr Ibrahim". Spot swaai sy stert. Toe kyk die kinders na hulle inkopielys. Hulle vra, "Kan ons asseblief een brood, ses eiers, botter, melk en konfyt kry?"

Mnr Ibrahim sit alles in 'n sakkie en hy sit ook een van sy spesiale pasteitjies vir hulle in. Hulle gee vir hom die geld en sê, "Baie dankie, Mnr Ibrahim, ons hou baie van u pasteitjies!" Toe waai hulle totsiens.

Zinzi en Sam stap huis toe maar hulle gesels so lekker dat hulle nie oplet dat Spot nie by hulle is nie. Toe hulle tuiskom sê hulle mamma, "Zinzi! Sam! Waar is Spot?" O nee! Spot het hulle nie huis toe gevolg nie. Die kinders is baie ontsteld. Waar dink julle is Spot?

Net toe klop iemand aan die deur. Zinzi maak die deur oop en daar staan Musa. Hy dra vir Spot! Hulle almal sê, "O dankie Musa. Jy's 'n ware vriend!" Musa sê vir hulle dat hy vir Spot in die winkel gekry het waar hy besig was om die krummels op die vloer te eet.

Zinzi en Sam tel vir Spot op en gee hom 'n stywe drukkie.

Fluit-fluit, my storie is uit!

